Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Junie 2011



Lees binne...

- **Oproep tot eenheid** – 1
- **Kerkregtelike nadenke oor doleansie** – 3
- **Wat maak ons met die Here se geld?** – 3
- **Die Kerk se verantwoordelikheid teenoor die politiek** – 4

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Oproep tot eenheid (Dr Daan van Wyk jr)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque**
  Bekeer julle!
  Verskoning en regstelling
- Bl 3 **Aktuele sake**
  Kerkregtelike nadenke oor doleansie (Dr Barry van Wyk)
  Wat maak ons met die Here se geld? (Ds Marius Bacon)
- Bl 4 **Kerk en politiek**
  Die Kerk se verantwoordelikheid teenoor die politiek (Dr Christo Pretorius)
- Bl 5 **Kerkwerf**
  Doktorsgrade toegeken
  50 jaar diaken
  Predikant na siekbed oorlede
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
  Glo is nie meer net glo nie (Ds Jaap Steenkamp)
  Gemeente Durban-Suid skep moed (Isabel Dirker)
  Die kerk en hervorming (Dr Koos Engelbrecht)
  Ek is ook soekend (Gerhard van Biljon)
  Skouer aan die wiel (Marthinus Pretorius)
  Apartheid is nie 'n wesenlike saak nie (Johan P Verster)
- Agterblad **Oordenking**
  Pinkster (Ds Willem Breytenbach)

Bekeer julle!

Die redakteur, **dr Gerhard Lindeque**, skryf: Daar kom tye wanneer kinders van die Here hul optredes en gesindhede moet heroorweeg en ontslae moet raak van goed wat hul verhouding met God skade berokken. Al beteken dit dat 'n mens afstand moet doen van dinge wat in die verlede vir jou heilsaam en baie belangrik was.

Hiskia staan in die geskiedenis van Israel bekend as 'n hervormer. Hy het nie geskroom om alles wat God se volk tot afgodery verlei het, uit te roei nie. Selfs nie die koperslang wat deur 'n volksheld soos Moses gemaak is nie. Hierdie koperslang was in 'n stadium 'n instrument waardeur die Here sy volk se voortbestaan verseker het. Maar in Hiskia se tyd het hierdie selfde koperslang 'n afgod geword aan wie die volk nou offers gebring het in plaas van aan die Here. Daarom het Hiskia, in gehoorsaamheid aan en in vertroue op die Here, die geloofsmoed gehad om die slang te vernietig.

Mettertyd het God afstand gedoen van Israel as die instrument waardeur God Homself aan die wêreld bekendmaak. God het deur Jesus Christus self vir die wêreld kom wys hoe groot sy liefde en genade is. Daarom begin Jesus Christus se bediening op aarde met die oproep: *Bekeer julle!* Bekering wat beteken om op 'n nuwe manier oor God te begin dink, om in 'n nuwe verhouding met God te wees. God is nie 'n bestraffende en veroordelende God nie maar 'n God van liefde. Jesus Christus leer dan ook sy volgelinge om enigiets wat daartoe aanleiding gee dat hulle van God afvallig raak, uit hul lewens te verwyder: As jou regteroog jou laat struikel, haal hom uit en gooi hom weg… of as jou regterhand jou laat struikel, kap hom af…

Met die uitstorting van die Heilige Gees het die verantwoordelikheid om die boodskap van bekering in die wêreld sigbaar te maak, nou op die kerk geval. Dit impliseer dat die kerk ook self voortdurend aan die proses van bekering onderwerp sal word. So bely Petrus as verteenwoordiger van die vroeë kerk in 'n stadium: *Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie…* (Hand 10: 34). En dit is nogal die Petrus wat een van Jesus se dissipels was en wat teenwoordig was by die uitstorting van die Heilige Gees. Hy kom tot bekering as hy op 'n nuwe manier oor God begin dink.

As God dan so 'n pad met sy volk Israel en met die kerk aan die begin geloop het, waarom dan nie ook met ons Kerk in hierdie tyd nie? Mag die Here gee dat daar uit die huidige krisis en verdeeldheid in die Kerk iets van ware bekering onder leiding van die Heilige Gees by ons sal kom. Dit kan net helend en heilsaam vir die Kerk wees.

****

Oproep tot eenheid

Die hoofartikel is 'n verkorte weergawe van die oproep tot eenheid wat gedurende Mei vanjaar deur **die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV)** aan predikante, ouderlingevergaderings en ringskommissies gestuur is. Daarin word verduidelik dat die Kommissie van die AKV op 18 April 2011 besluit het om in terme van Ordinansie 3.9 (i) van die

Kerkorde in Oktober 2011 ’n buitengewone sitting van die 69ste AKV te belê. Die redes daarvoor is onder andere dat die eenheid in die Hervormde Kerk tans ernstig bedreig word, dat die orde in die Kerk slegs by wyse van drastiese besluite gehandhaaf kan word en dat die sinodale begroting onder groot druk kom.

Die buitengewone AKV is ’n opregte poging om nogeens versoenend op te tree. Dit is die enigste geleentheid om in alle billikheid ’n besluit waaroor daar soveel onsekerheid en onrus bestaan te heropen en van voor af te debatteer sodat die Kerk opnuut tot ’n verantwoordelike besluit kan kom waarby almal berus. Die eenheid van die Hervormde Kerk is vir die Kommissie van uiterste belang. Natuurlik beteken dit nie dat almal oor alles moet saamstem nie. Verskille en stryd sal daar wees. Maar dan word dit op kerklike en Christelike wyse hanteer.

Dit is die Kommissie se diepste wens dat die verdeeldheid wat tans in die Kerk heers, aan die begin van Oktober op die buitengewone AKV uitgepraat en geheel kan word. Almal in die Kerk word opgeroep om van nou af positief en opbouend aan die poging deel te neem.

****

Aktuele sake

’n Verkorte weergawe van **dr Barry van Wyk** se kerkregtelike nadenke oor doleansie wat ook gedurende Mei uitgestuur is, verskyn in die rubriek oor aktuele sake.

Doleansie is wat ons Kerkorde betref onkerkregtelik, veral met verwysing na die weerhouding van sinodale heffings wat bedoel is vir studente-opleiding, apostolaat, gemeenteopbou, emeriti, predikantepensioene en hulp aan gemeentes, onder andere. Is die verwagting dat gemeentes wat nie doleer nie vir die dolerendes intussen sinodaal in die bresse moet tree? Wat sit agter die oproep om offergawes te weerhou? Is dit nie so dat offergawes gegee word uit dankbaarheid vir God se genade nie? Is dit eie aan die Kerk om met ’n stakersmentaliteit druk op die sinodale strukture te plaas en te verwag dat onkerkordelik besluite van die AKV geveto moet word omdat sommige onder die indruk is dat ’n bepaalde besluit ’n ander leer verwoord? Moet dolerendes ernstig oor die kerklike leer geneem word as relatief eenvoudige kerkordelike prosedures verbygegaan word?

Dit is eie aan die Kerk om altyd weer na ’n saak in die lig van die Woord te kyk en van voor af daaroor te debatteer juis omdat nie met onveranderlike besluite en tydlose waarhede gewerk word nie. Dit dui op reslose vertroue op die Hoof en Heer van die kerk, en daarom is ’n buitengewone AKV nie by implikasie ’n verwoording van twyfel nie.

Ds Marius Bacon vra wat ons maak met die Here se geld. In Handelinge 2: 41-47 word ons vertel hoe dit in die eerste Christelike gemeente was. Onderlinge verbondenheid, alles met mekaar gedeel, volhard in die leer van die apostels, elke dag bymekaargekom en elke dag het die gemeente al meer uitgebrei. Hulle was met die Heilige Gees vervul en het werklik ’n begeerte gehad om deel te wees van die geloofsgemeenskap.

Lidmaatstatistieke is nou weer op die agenda van kerkrade en ook ringsvergaderings. Groot bekommernis bestaan oor die aantal lidmate wat uit ons Kerk verdwyn, en baie energie word gestort in die finansiële oorlewingstryd van gemeentes. Getalle bepaal heffings en heffings verswaar gemeentes se finansiële oorlewing. Studies wys dat die gemiddelde bywoning van eredienste maar 25-50% is. Hieruit kan verder afgelei word dat die meelewing waarskynlik baie swakker as dit sal wees. Ons sal moet erken dat ons baie ver afgedwaal het van wat in Handelinge 2 geskryf is. Die woorde van Openbaring 2: 4 word sterk van toepassing op die kerk (ons Kerk?). *Ek het dit teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie.*

****

Kerkwerf

Lees ook berigte oor **drr Kálmán Papp en Rudy Denton**, twee predikante van die Kerk wat pas hul doktorsgrade behaal het, **ds Louis Pienaar** wat na ’n kort en ernstige siekbed oorlede is, en **diaken Jan Lindeque**, vader van die redakteur, wat al 50 jaar lank diaken in die Hervormde Kerk is.